Matrieks positief oor Afrikaans as onderrigtaal

28 September 2023

Tania Heyns

Die matriekklas van 2023 het nog baie hoop vir Afrikaans as onderrigtaal. Hulle gebruik nie graag Covid-19 as verskoning nie en wil gaan studeer. En hulle wil dit ook voltyds doen.

Solidariteit Jeug se derde Skoolverlatersverslag is Donderdag uitgereik en is die instelling se eerste nasionale verslag nadat die eerste twee uitsluitlik op Gautengse skole van toepassing was.

Die verslag toon dat sewe uit tien matrieks (sowat 73%) tans positief oor Afrikaans as onderrigtaal op skool is. Dit is 10% meer leerders as wat 'n jaar gelede nog positief oor Afrikaans as onderrigtaal op skool gevoel het.

Argieffoto (Foto: Deltaworks/Pixabay)

Slegs sowat 1% van leerders voel negatief, terwyl 18,57% aangedui het dat hulle nie noodwendig positief óf negatief daaroor voel nie.

Bykans 50% het aangedui hulle wil graag verder studeer en hul onderrig in Afrikaans voortsit. Hierdie leerders sê hulle wil dit doen juis omdat Afrikaans as huistaal vir hul meer verstaanbaar is.

Johnell van Vollenhoven, onderwysnavorser verbonde aan die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI), sê dit is vanjaar opvallend hoe gewild Afrikaans as onderrigtaal werklik is en dat die leerders die praktiese implikasie daarvan so duidelik verstaan.

"Die rol van Afrikaanse skole in Suid-Afrika is beslis nie uitgedien nie en die vraag na tersiêre instellings waar Afrikaanssprekende leerders verdere opleiding in Afrikaans kan ontvang, ook nie."

Van Vollenhoven sê die leerders voel duidelik ook nie geïntimideer daardeur dat hulle moontlik ná hul studies in Engels sal moet werk nie. “Dit is vir hulle belangriker om dit wat hulle nou leer te verstaan.”

Daar word dan verwys na die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se verslag oor nasionale matriekuitslae van verlede jaar wat toon dat Afrikaanse skole veel beter presteer met ’n slaagsyfer van 85,5% vergeleke met die nasionale slaagsyfer (79,4%) wanneer Afrikaanse skole uitgesluit word.

“Die afleiding kan gemaak word dat die leeromgewing wat Afrikaanse skole skep, tesame met moedertaalonderrig, ’n positiewe invloed op die prestasie van leerders het en dat sodanige prestasie die geleentheid vir verdere studie, opleiding en indiensneming skep,” sê Van Vollenhoven.

Studeer is die beste geweer

Dit is ook duidelik uit vanjaar se verslag dat die meeste matrieks verder wil studeer. “Werk is nou vir hulle van baie minder belang en die fokus op studie is baie groot,” sê Van Vollenhoven.

Luidens die verslag wil meer as twee derdes van vanjaar se matrieks (83%) ná skool verder gaan studeer. Sowat 12% is in hierdie stadium nog onseker oor wat hulle ná skool wil doen. ’n Klein hoeveelheid (4,65%) het aangedui hulle gaan nie verder studeer nie.

Meer as 40% van die studente wat aangedui het dat hulle graag verder wil studeer, beskik egter nog nie oor die nodige finansiering om daarvoor te betaal nie.

Een van Tuks se ikoniese geboue, “Die Skip” Foto: Mike Prins, Wikimedia

Byna 31% van die matrieks wat aan die navorsing deelgeneem het, beplan om volgende jaar by die Universiteit van Pretoria (UP) te gaan studeer. Sowat 15% van die groep wil volgende jaar aan die Universiteit Stellenbosch (US) studeer en 11% aan die Noordwes-Universiteit (NWU).

Die gewildste studierigtings blyk onderwys, sielkunde en verskeie mediese rigtings te wees.

Bly of gly

Byna 7% van die groep wil oorsee gaan studeer. Die gewildste bestemming hiervoor blyk die VSA, Engeland, Australië en Nieu-Seeland te wees. In Europa is die gewildste bestemming vir studie Nederland gevolg deur Duitsland.

(Argieffoto)

Leerders wat nie gaan studeer nie, wil meestal begin werk. Sowat 24% het aangedui dat hulle oorsee gaan werk. Die minderheid (23%) het egter aangedui dat hulle nog nie werk in die buiteland gevind het nie.

Hierdie leerders is ook gevra om redes te verskaf waarom hulle in die buiteland wil gaan werk. Sowat 29% het aangedui dat hulle dit wil doen omdat hulle ook wil reis. Hulle voel egter ook dat daar nie vir hulle ’n toekoms in Suid-Afrika is nie.

Sowat 27% van die leerders het aangedui dat hul geleenthede oorsee sal vind wat hulle nie andersins hier sal bekom nie.

Meer as 39% van die leerders is in dié stadium nog onseker of hulle in Suid-Afrika wil bly na afloop van hul studies. Meer as 37% het aangedui dat hulle wel van plan is om in Suid-Afrika aan te bly.

Covid-19 g’n verskoning

Volgens die meeste matrikulante van 2023 het die Covid-19-pandemie nie werklik ’n blywende impak op hul lewe gemaak nie.

Van Vollenhoven sê egter dit is opvallend dat die meeste matrikulante wat wel gevoel het dat die Covid-19-pandemie hulle negatief beïnvloed het, juis verwys na verlore kontaktyd met onderwysers en hul gebrek aan begrip as gevolg daarvan.

Van Vollenhoven sê die matrikulante van 2023 kom voor as ’n groep leerders wat uitdagings in die verbygang hanteer.

“Dit wil ook voorkom of hierdie leerders nie bereid is om enige verdere agterstande op te doen vir welke rede ook al nie. Die klas van 2023 blyk goed op koers te wees met betrekking tot hul toekoms. Hulle beskou nie uitdagings as onoorkombaar nie en verstaan die waarde van onderrig in hul eie moedertaal.”

Deel van: SA-nuus

Afrikaans In die nuus Matrieks skool

O wee, die gesang is uit! Die kommentaar op hierdie berig is gesluit. Kom kuier gerus lekker verder saam op ’n ander artikel.

4 kommentare

oudste

Sê maar net 4 dae gelede

Bravo. Ons Afrikaanse kinders se koppe is reg aangeskroef. Sterkte vir die toekoms, matrieks 2023!!!

6 0

Jacobus 4 dae gelede

Die Lesufiaanse kaping van skole is niks anders as ‘n tipe intellektuele diefstal.

4 0 sien reaksie (1)

Papsak 4 dae gelede

Mooi so ons kinders is bo wys hulle tog hoe word dit gedoen trots op julle

2 0

Maroela Media vertoon met trots die "FAIR"-stempel van die Persraad van Suid-Afrika, wat ons toewyding aandui om aan die Perskode vir Etiek en Gedrag vir die Suid-Afrikaanse druk- en aanlyn media te voldoen. Hierdie kode bepaal dat ons beriggewing getrou, akkuraat en regverdig is. Indien jy 'n klag oor ons nuusverslaggewing wil indien, dien asseblief 'n klag in op die Persraad se webwerf, www.presscouncil.org.za, of stuur die klag na enquiries@ombudsman.org.za. Kontak die Persraad by 011 484 3612.

© 2011 - 2023 Maroela Media. | Bepalings en voorwaardes | Privaatheidsbeleid | Koekies | Handleiding vir toegang tot inligting

Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging.